

Hoofstuk van die dag: 1 Samuel 24

> *Die Here sal regspreek tussen my en u en die Here sal my wreek op u, maar ek sal nie teen u wees nie. (vers 13)*

Dawid was oorgehaal om Saul se lewe te naam. Almal in die grot het dit ook van hom verwag. Maar toe gebeur die onverwagte.

Dawid sny net die punt van Saul se mantel af. En selfs daaroor voel hy sleg (vers 6), want wat hom betref, was Saul deur God aangestel as koning, en dis nie sy reg om daaraan ’n einde te maak nie, al het hy die geleentheid en alle rede gehad om dit te doen.
Dis net iemand wat naby God leef, wat só kan reageer op God se leiding.
Vir Dawid was dit genoeg dat die Here weet wat aangaan, en Hy sal uiteindelik laat gebeur wat moet. En omdat God in beheer is, maak dit hom vry om nie wraak te neem nie.
Dit is hoe die Here Jesus ons in Matt 5:39 leer. Draai die ander wang. God sien wat gebeur. Paulus leer dit ook in Rom 12:19. Dis God se reg om te vergeld, nie ons s’n nie. En les bes herinner Petrus ons daaraan dat dit presies is hoe Jesus self geleef het (1 Pet 2:23).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026